# BOEKBESPREKING.

**Sermons and Outlines on The Lords Supper.** Baker Book House, Grand Rapids, 6, Michigan. Prys 1.75 dollar.

Bogenoemde boek het verskyn in die Minister's Handbook Series, en is bedoel as leidraad by die voorbereiding van preke i.v.m. die Nagmaal. Dit

bevat volledige preke, verkorte preke, preeksketse en tekste en temas wat gebruik kan word.

Die boekie is veral waardevol as versamelwerk van uitgesoekte preke van verskillende groot predikers wat nie in ons land so goed bekend is nie, soos Alexander Maclaren, F. B. Meyer, Timothy Dwight e.a. 'n Mens kan 'n paar genoeglike halfure deurbring met die lees van verrassende gedagtes en pakkende temas uit die keur van hulle meesterwerke.

G.P.S.

Thabazimbi.

* * * *

**Funeral Sermons and Outlines.** Baker, Book House, Grand Rapids, 6, Michigan. Prys 1.75 dollar.

Ook hierdie boekie het verskyn in die Minister's Handbook Series, en is bedoel as 'n hulp by die voorbereiding van begrafnispreke.

Die boek bevat volledige en verkorte preke sowel as preeksketse en tekste wat gebruik kan word. Dit is o.a. geneem uit die preke van Spurgeon, Moody en F. B. Meyer. Ook van Chrisostomus is 'n kort preek opgeneem oor I Thes. 4: 13. Met treffende beelde beskryf hierdie kerkvader uit die vierde eeu hoe die verganklike liggaam van die ontslape gelowige in heerlikheid sal verrys.

G.P.S.

Thabazimbi.

* * * *

de Klerk, B. J.: **Die Roomse Gevaar;** Holl. Afr. Uitg. My., Pretoria-Kaapstad, 1952. Pp. 98; prys 7/9.

Hierdie brosjure is geskryf in opdrag van die Tussenkerklike Kommissie van die drie Afrikaanse Kerke, en van 'n Voorwoord voorsien deur die voorsitter van die Kommissie, ds. T. F. J. Dreyer. Van die ontstaan, groei en huidige stand van die Roomse Kerk, sowel as van sy leer en instellinge, sy metodes en doelwitte, word, uit gesaghebbende Roomse bronne, 'n duidelike oorsig gegee. Vervolgens word Rome getoets aan die leer van die H. Skrif. Hierdie indeling bring herhaling mee, wat wel geen nadeel is nie, maar onnodig was as die bestryding van elke dwaling dadelik in hfs. 2 geskied het. Sonder om wat goed in genoemde kerk is te verswyg of te verkleineer, word die verkeerde deeglik weerlê. Die wesenlike gevaar wat Rome, met al sy (grotendeels onskriftuurlike) geloof en met al sy bygeoof, vir die wêreld en veral vir ons land inhou, word oortuigend gestel. Wie dieper op die saak wil ingaan, word verwys na waardevolle Roomse en Protestantse literatuur. Met sy deeglike inhoud en bevatlike vorm, beantwoord die brosjure baie goed aan sy doel. Ons kan dit sterk aanbeveel vir 'n breë leserskring.

Drukfoute is seldsaam; hinderlik is: „vir (i.p.v. voor) die regbank" (p. 78) en: „vir (i.p.v. voor) oë gestel" (p. 84). Die band is stewig en aantreklik.

A. POSTMA.

P.U. vir C.H.O.

* * *

**Suid-Afrikaanse Argiefstukke: Transvaal No. 4.** Notule van die Volksraad van die S.-Afr. Republiek. 1859-1863. 712 bll. s.j. en s.p.

Dr. J. H. Breytenbach, hoof van die Publikasie-afdeling van die Argief, het ook hierdie vierde deel afgeskryf, toegelig en persklaar gemaak.

Soos alle werke deur dr. Breytenbach verrig, is hierdie vierde deel van die Notule van die Volksraad van die Z.A.R. uitnemend versorg. Die Notule

is noukeurig weergegee en dek die tydperk Mei 1859 tot Okt. 1863. Tussen dié datums word ook as afdeling B gegee alle Bylaes, t.w. inkomende stukke, diverse stukke, die inhoudsopgawe waarvan bll. viii—xlii beslaan. Die uitgawe bevat verder 'n „Verslag der werkzaamheden van den Krijgsraad", 'n register van persoonsname, 'n geografiese register en 'n saakregister. Daarby is daar 6 verlugtings in die teks.

Die werk is gedruk deur die Cape Times Ltd. vir die Staatsdrukker. Die tegniese afwerking van die uitgawe laat werklik niks te wense oor nie.

Niemand hoef nog te benadruk die onskatbare waarde van hierdie uitgawe van die S.-Afr. Argiefstukke nie. Ons kan alleen die Argiefkommissie bedank en die redakteur van harte gelukwens.

J. CHR. COETZEE.

* * * *

Gera. Kraan, Van den Burg en K. J. Bult: **Moeder, zeg me eens. . . .** Antwoorden op meisjesvragen. Kok, Kampen. 1952. 162 bll.; f6.90.

Dit is geen uitsondering dat moeders my vra om boeke oor die sekslewe nie. Gewoonlik vind 'n mens dit moeilik om een boek onvoorwaardelik aan te beveel. Daar is heelparty goeie Nederlandse werke van 'n algemene aard. Hier het ons nou 'n uitstekende, prinsipieel-suiwer gereformeerde boek vir moeders oor hul dogters se sielelewe. As moeders 'n boek werklik nodig het, laat hulle hierdie **Moeder, zeg me eens . . .** aanskaf. Hulle kan dit by enige goeie Afrikaanse of Nederlandse boekhandel koop. Mev. Kraan-Van den Burg gesels as moeder en dr. Bult as geneesheer. Ons groter dogters kan dit sommer ook self lees.

J. CHR. COETZEE.

**D. A. Wuite—Van Maasdijk—Het onze Vader.** Kok, Kampen, 1922; 227 bll., 8.90 gulden (harde band).

Hier het ons 'n boek oor die volmaakte gebed en wel uit die pen en die hart van 'n vrou. Vanselfsprekend bied dit ons 'n visie op die gebed soos alleen die gelowige **vrou** dit kan gee. Dit is iets heeltemal anders as wat ons gewoonlik oor die gebed lees. Dit is fris, oorspronklik en bereik hoogtepunte van ontroering. Veral die eerste hoofstuk: **Bidden leren,** het ons diep aangegryp. Ons wil die werk van harte aanbeveel vir almal, veral vir ons susters. Dit is 'n boek wat 'n mens sal lees en herlees en wat jou gebedslewe ryker sal maak.

S.d.T.

* * *

**Ds. W. A. Wiersinga—Gods werk in ons** (tweede druk). Kok, Kampen, 1952. 243 bll., 7.9O gulden (harde band).

Ons tyd gee weinig geleentheid vir selfinkeer, vir stille meditasie. Dit is daarom goed dat ds. Wiersinga ons stof gee om op suiwer Gereformeerde wyse die werk van God in ons te oordenk. Die feit dat die boek reeds 'n tweede druk beleef het, toon dat nie net in Metodistiese kringe behoefte bestaan aan bevindelike werke nie.

Ds. W. behandel agtereenvolgens: Die aanvang, die voortgang, die voltooiing van Gods werk in ons, asook die middele tot versterking van hierdie werk.

'n Uitnemende geskrif vir stille oomblikke en vir verdieping van die geestelike lewe.

S.d.T.

* * *

Ds. G. D. A. du Toit, **Die Drie Briewe aan Johannes,** uitgegee deur die Christenstudentevereniging van Suid-Afrika, Stellenbosch, 1952, 200 bladsye, prys 9s.

Dit is 'n tweede kommentaar wat ons ontvang van die hand van die skrywer, en soos „Die Brief aan die Efesiërs" kan ons dit eweëens aankondig as 'n deeglike verklaring. Dit is helder en saaklik, wat by die Briewe van Johannes waar dit gaan oor die Liefde, baie sê. In ooreenstemming met die onderwerp is dit ook deurgaans gekenmerk deur innigheid.

Al het ons hier te doen met 'n populêre verklaring is dit duidelik dat dit gegee is teen die agtergrond van 'n grondige wetenskaplike studie. Fynere onderskeidings wat in vertaling soms verlore gaan straal oral deur, tot opheldering van baie wat anders onduidelik is. In die verklaring word dikwels 'n lesing gevolg wat na die oortuiging van die skrywer die beste is, bv. by 1 Joh. 1: 4; 3: 1; 5: 13. Ook word telkens die opvattings van verskillende verklaarders teenmekaar afgeweeg, sodat die leser ook die geleentheid het om sy keuse te doen.

Hier en daar het ook wel 'n bedenking gekom. By 11 Joh. 1: 7 verkies ons die helder verklaring van Calvyn, wat dit laat sien op die voortgaande vergiffenis van sondes wat nie losgemaak kan word van die bekering nie, bo die van „'n heiligende invloed van die bloed van Christus" wat nie juis uitmunt in helderheid nie. Die onderskeiding wat gemaak word tussen **Agapé** en **Philia** nl., dat die eerste sien op Goddelike en die tweede op menslike liefde kan ook nie meer volgehou word nie.

Oor die algemeen het ons die verklaring met instemming en met stigting gelees. Die Citadel-Pers het dit besorg in 'n mooi duidelike druk. Dit is verkrygbaar by die C.S.V.-Boekhandel.

W.J.S.